The seasonally adjusted indices of consumer prices have been revised as from August, 1965. The reason for the revision is that, while the results of the annual census of rent conducted by the Bureau of Statistics are usually incorporated in the unadjusted indices in the following July or August, in the case of the 1964 census, particulars regarding house rent and servants' wages were incorporated only from April, 1966, and those relating to flat rent only from June, 1966. As the delay in the incorporation of the relevant statistics is regarded by the Bank as a change in the seasonal pattern, only the seasonally adjusted indices were revised accordingly. The adjustments refer only to the three columns "Housing and related items", "Other, total" and "Total".

3. Attention is drawn to the fact that the figures in the following tables have been revised:

(a) Table S–21. Liquid assets of the private sector with the government sector.
(b) Tables S–34 and S–35. Ownership distribution of domestic marketable stock debt of Central Government.
(c) Table S–36. Ownership distribution of marketable Treasury bills.
(d) Table S–61. Indices of the physical volume of production – Electric current generated.
(e) Table S–62. Labour statistics – Private manufacturing.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Belangrikste verwikkelinge

Gedurende die tydperk April tot Augustus 1966 was daar uiteenlopende neigings in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding. Sowel vaste kapitaalbesteding as voorraadinvestering, wat alreeds gedurende die eerste kwartaal van 1966 afgeneem het, het gedurende die tweede kwartaal verder gedaal. Hieruit wou dit voorkom asof 'n meer algemene verlangsaming in die ekonomie en 'n afname in die inflasionistiese druk op hande was. Baie ander ekonomiese aanwysers het egter op die teenoorgestelde gedui, naamlik na 'n nuwe sikliese opswaai.

Maar hoewel daar onsekerheid was oor die rigting waarin die ekonomie van voornemens was om te beweeg, het die feite duidelik aangedui dat (1) die ekonomiese groei, ondanks die uitwerking van die droogte, teen 'n baie bevredigende koers voortgegaan het, (2) algemene ekonomiese aktiwiteit en indiensneming op 'n baie hoë peil was, (3) die ekonomie in 'n besonder likwiede toestand was en (4) die onderliggende monetêre vraag na goedere en dienste nog geneig het om oormatig te wees. Die inflasionistiese druk het inderdaad geblyk so sterk en volgehoue te wees dat die bestaande anti-inflasionistiese maatreëls verleng en progressief uitgebrei moes word met die doel om die koers van toename in totale kapitaal- en verbruiksbesteding te beteuel.

Op 8 Julie 1966 het die Minister van Finansies gevolglik 'n nuwe en omvattende aanval op inflasie aangekondig. Die maatreëls het ingesluit 'n verhoging in die bankkoers van 5 na 6 persent, verhogings van rentekoerse op langtermyn-staatseffekte, die afskaffing van depositokoersbeheer, die verlenging van die bestaande direkte beperkings op bankkrediet vir 'n verdere tydperk van ses maande en die verslapping van invoerbeheer, sowel as fiskale maatreëls, waarvan besonderhede daarná in die Begroting op 17 Augustus aangekondig is. Die Begroting het in werklikheid voorsiening gemaak vir aansienlike toenames in 'n groot verskeidenheid van direkte en indirekte belastings en het in verskeie ander opsigte die Regering se voorneme om sy besteding op 'n nie-inflasionistiese wyse te finansier, weerspieël.

Die betalingsbalans het 'n redelik aansienlike oorskot op die lopende rekening gedurende die tweede kwartaal van 1966 getoon, maar dit is gedurende die tydperk Julie tot Augustus in 'n klein tekort omskep, gedeeltelik weens die verslapping van invoerbeheer as 'n doelbewuste disinflasionistiese stap. Private kapitaal het egter voortgegaan om die land op so 'n skaal in te vloei dat die totale goud- en buitelandse valutareserwes sterk toegeneem het tot aan die einde van Julie, voordat dit gedurende Augustus effens gedaal het.

Nasionale rekeninge[1]

Voortgesette styging in bruto binnelandse produk

Uit voorlopige aanduidings wil dit voorkom asof die bruto binnelandse produk, gemeet in geldelike terme, gedurende die eerste helfte van 1966 teen 'n ietwat hoër jaarlikse koers as gedurende die vorige jaar toegeneem het, maar dat dit in reële terme teen ongeveer dieselfde jaarlikse koers as gedurende 1965, naamlik ongeveer 5 persent, toegeneem het. Die bruto nasionale produk het insgelyks voortgegaan om sterk te styg en, in skerp teenstelling met die voorafgaande agtien maande, die bruto binnelandse besteding in sowel die eerste as tweede kwartaal van 1966 oorskry, wat beteken dat daar 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende dié tydperk was.



[1] Die ontleding in hierdie afdeling van die *Oorsig* is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaallikse ramings van die nasionale rekeninge, *ná uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van kwartaallikse verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.

Toename in bruto binnelandse besteding

Die bruto binnelandse besteding self het, alhoewel dit laer as die bruto nasionale produk gebly het, gedurende die eerste sowel as die tweede kwartaal van 1966 toegeneem. Die hoofkomponente van bruto binnelandse besteding het egter uiteenlopende neigings gedurende hierdie tydperk getoon. Sowel private verbruik as die lopende besteding van openbare owerhede het sterk gestyg, maar die vaste kapitaalbesteding van private sake-ondernemings, openbare owerhede en openbare korporasies het almal matige dalings getoon. Boonop het voorraadinvestering, wat alreeds gedurende die twee voorafgaande kwartale aansienlik gedaal het, aangehou daal en het dit gedurende die tweede kwartaal selfs negatief geword, d.i. die totale voorrade is in werklikheid verminder.

Dit is tans nog te vroeg om die werklike betekenis van hierdie neigings in besteding te bepaal. Vaste kapitaalbesteding en voorraadinvestering is normaalweg strategies belangrike opwekkers van inkome en 'n afwaartse beweging daarin is soms die voorloper van 'n meer algemene verlangsaming in die volkshuishouding. Dit is egter nog nie met sekerheid vasgestel dat daar 'n egte daling in vaste kapitaalbesteding plaasgevind het nie, terwyl die gedrag van voorraadinvestering ongetwyfeld in 'n sekere mate deur die strenger toepassing van invoerbeheer beïnvloed is, en dit beteken dus nie noodwendig 'n belangrike verandering in die onderliggende sikliese neiging in die volkshuishouding nie. Nogtans, nieteenstaande hierdie voorbehoude, wil dit voorkom asof die onderliggende vraag na ten minste kapitaalgoedere tekens van 'n meer gelyke verloop toon en uit die oogpunt van die vermindering van die inflasionistiese druk is dit 'n bemoedigende verwikkeling.



Algemene ekonomiese aanwysers

Die taak om onlangse korttermynneigings in die volkshuishouding te ontleed word verder bemoeilik deur die feit dat hoewel beide vaste en voorraadinvestering gedurende die eerste en tweede kwartaal van 1966 afgeneem het, verskeie ander ekonomiese aanwysers, wat gedurende 1965 òf afgeneem òf meer gelyk begin verloop het, op 'n stadium tussen Oktober 1965 en April 1966 in werklikheid weer begin het om te styg. Hierdie aanwysers sluit in bouplanne goedgekeur, transaksies in vaste eiendom, aantal nuwe motors verkoop, aantal nuwe handelsvoertuie verkoop, bankdebiteringe, spoorweginkomste, fisiese volume van fabrieksproduksie en kleinhandelsverkope. Boonop, soos hieronder in meer besonderhede aangedui word, het die uitvoer en die netto invloeiing van private kapitaal 'n aansienlike toename na Maart 1966 getoon, terwyl die invoer in Augustus merkbaar gestyg het, nadat invoerbeheer verslap is.

Opsigself dui hierdie verwikkelinge meer op 'n potensiële nuwe ekonomiese opswaai, met inflasionistiese gevolge, as op 'n verdere verlangsaming van algemene ekonomiese bedrywigheid. Ten minste lewer hulle aanduidings van die voortgesette veerkragtigheid en volgehoue optimisme in die ekonomie en help om te verklaar waarom die inflasionistiese druk gedurende die eerste helfte van 1966 voortgeduur het en waarom die owerheid dit nodig gevind het om verdere dis-inflasionistiese maatreëls in Julie en Augustus toe te pas. Hierdie maatreëls het waarskynlik alreeds 'n ietwat beperkende invloed op monetêre vraag gehad en sal sonder twyfel, in die maande wat kom, 'n verdere uitwerking toon. Aangesien die meeste van die beskikbare statistiek slegs op die tydperk tot Julie betrekking het, en in die geval van die nasionale rekeninge slegs tot Junie, is dit nog nie moontlik om noukeurig te bepaal wat die invloed van die bykomende maatreëls sover was nie. Wat die beskikbare statistiek egter wel toon is dat dit inderdaad baie noodsaaklik was om bykomende maatreëls in die een of ander vorm toe te pas.

Pryse

Die voortsetting van inflasie in Suid-Afrika gedurende die eerste agt maande van 1966 word ook aangedui deur die verloop van die verbruikers- en groothandelsprysindekse, soos aangesuiwer vir seisoensveranderings deur die Reserwebank. Soos bygaande opsommende tabelle toon, het verbruikerspryse gedurende die eerste agt maande van 1966 teen ongeveer dieselfde jaarkoers as gedurende 1965 gestyg, terwyl groothandelspryse gedurende die eerste sewe maande van 1966 teen ongeveer dubbel die koers van 1965



gestyg het, wat 'n vinniger styging in die pryse sowel van ingevoerde as plaaslik-vervaardigde goedere weerspieël. Die versnelling in die pryse van plaaslik-vervaardigde goedere is toe te skryf aan 'n versnelde styging in die pryse van vervaardigde produkte sowel as produkte van die landbou, bosbou en visserye.

Verbruikerspryse – seisoensinvloed uitgeskakel

Jaarlikse persentasiekoers van verandering

Tydperk	Voedsel	Ander	Totaal
Des. 1964 – Des. 1965	2·0	3·7	3·2
Des. 1965 – Aug. 1966	3·6	3·0·	3·1

Groothandelspryse – seisoensinvloed uitgeskakel

Jaarlikse persentasiekoers van verandering

Tydperk	Goedere geproduseer in Suid-Afrika	Ingevoerde goedere	Totaal
Des. 1964 – Des. 1965	2·8	1·4	2·4
Des. 1965 – Julie 1966	4·9	5·3	5·0

Betalingsbalans

Nuwe tekort op lopende rekening

Soos in meer besonderhede in die Reserwebank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* uiteengesit is, het die lopende rekening van die betalingsbalans, na aansuiwering vir die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarlikse koers, hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike afname in invoere verander vanaf 'n tekort van R424 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1965 tot 'n oorskot van R148 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1966. Na die middel van 1966 het die posisie van die lopende rekening egter weer begin verander, veral na die verslapping van invoerbeheer wat gedurende Julie aangekondig is. So het die invoer, na aansuiwering vir die seisoensinvloed en gereken teen 'n jaarlikse koers, nadat dit gedurende die tweede en derde kwartale van 1965 meer as R1,900 miljoen beloop het en in die tweede kwartaal van 1966 tot R1,500 miljoen afgeneem het, skerp toegeneem tot R1,760 miljoen in Augustus. Alhoewel die goedereuitvoer ook sedert Mei sterk toegeneem het en 'n nuwe rekord jaarlikse koers van R1,430 miljoen gedurende Augustus bereik het, was die styging in die invoer nogtans voldoende om gedurende die tydperk Julie–Augustus 'n klein tekort op die lopende rekening voort te bring.

Voortgesette netto invloeiing van kapitaal

Maar terwyl die lopende rekening gedurende Julie–Augustus tot 'n klein tekort omgeslaan het, het die netto private kapitaalinvloeiing teen 'n koers van ongeveer R20 miljoen per maand voortgeduur, waarvan die grootste gedeelte skynbaar korttermynfondse was. Kapitaalbewegings ten opsigte van die sentrale rege-









ring en banksektor het egter gedurende hierdie twee maande 'n klein netto uitvloeiing ten bedrae van R2 miljoen getoon.

Goud- en buitelandse valutareserwes

Gedurende Julie het die totale goud- en buitelandse valutareserwes gehou deur die Reserwebank, die res van die banksektor en die Regering met 'n verdere R26 miljoen toegeneem, maar gedurende Augustus was die netto kapitaalinvloeiing nie heeltemal voldoende om die lopende tekort te neutraliseer nie, met die gevolg dat die reserwes met ongeveer R6 miljoen afgeneem het tot 'n peil van net minder as R600 miljoen.

Die jongste verwikkelinge in die betalingsbalans, veral die toename in die invoer en die verdwyning van 'n oorskot op die lopende rekening, was streng ooreenkomstig die offisiële disinflasionistiese beleid en is gevolglik deur die owerhede verwelkom. Verdere gebruik van invoerbeheermaatreëls ten einde 'n oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans te verkry, kon die inflasiegevaar vererger het op 'n tydstip toe volledige besetting en inflasionistiese druk in die volkshuishouding geheers het en kapitaal die land binnegevloei het.



Monetêre en banktoestand

Oormatige likwiditeit van die private sektor

Die private sektor het gedurende die tydperk April tot Julie steeds in 'n oormatige likwiede toestand verkeer. Die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld het gedurende die tweede kwartaal in werklikheid met R150 miljoen en gedurende Julie met 'n verdere R36 miljoen toegeneem, d.w.s. met R186 miljoen in vier maande. Verder het die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto nasionale produk gedurende die tweede kwartaal op die buitengewoon hoë peil van 30 persent gestaan, in vergelyking met 29 persent gedurende die ooreenstemmende kwartaal van 1965 en 'n gemiddelde van ongeveer 27 persent gedurende die tydperk 1954–1965. Ondanks die verskillende disinflasionistiese maatreëls wat gedurende die voorafgaande vyftien maande deur die owerhede toegepas is, was die monetêre klimaat gedurende die tweede kwartaal van 1966 dus moontlik selfs nog meer bevorderlik vir inflasie as wat dit 'n jaar vantevore was.

Soos die bygaande tabel toon, was die hoofrede vir die toename in totale geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal 'n verdere styging in die netto krediet wat regstreeks of onregstreeks deur die monetêre banksektor aan die regeringsektor verleen is, soos in 'n toename van R112 miljoen in die *netto* eise van die banksektor teen die regeringsektor gedurende hierdie tydperk weerspieël word. Dit is egter betekenisvol om daarop te let dat hierdie neiging in Julie, toe die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor in werklikheid met R27 miljoen gedaal het, omgekeer is. Terselfdertyd moet dit egter in aanmerking geneem word dat sowel die toename gedurende die tweede kwartaal as die afname gedurende Julie in hierdie netto eise gedeeltelik aan seisoensinvloede toegeskryf kan word.

Nog 'n belangrike faktor wat tot die verdere toename in totale geld en kwasi-geld bygedra het was die

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

(Veranderings in gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor)

	R miljoene 1966		
	1ste kw.	2de kw.	Julie
Veranderings in geld en kwasi-geld:			
Geld	−39	126	−29
Kwasi-geld	−78	24	65
Totale geld en kwasi-geld	−117	150	36
Oorsake van veranderings:			
Netto goud- en buitelandse valutareserwes	18	66	24
Eise teen regeringsektor	32	136	2
Regeringsdeposito's (toename −, afname +)	−74	−24	−29
Netto eise teen regeringsektor	−42	112	−27
Eise teen private sektor	−79	38	24
Langtermyndeposito's (toename −, afname +)	−16	−102	—
Ander bates en laste	2	37	15
Totale verandering	−117	150	36

gunstige totale betalingsbalans wat gedurende die tweede kwartaal tot 'n toename van R66 miljoen in die netto goud- en buitelandse valutareserwes gelei het, en wat in Julie deur 'n verdere styging van R24 miljoen gevolg is. Buitendien het die banke ook nog verdere krediet aan die private sektor verleen, soos in die toenames van R38 miljoen en R24 miljoen in die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende die tweede kwartaal en Julie, onderskeidelik, weerspieël word. Hierdie toenames was egter hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp styging in die kaskredietvoorskotte van die Landbank, wat grotendeels 'n seisoensverskynsel was.

Langtermyndeposito's by die banksektor, wat nie as kwasi-geld beskou word nie, het gedurende die tweede kwartaal met R102 miljoen toegeneem maar het gedurende Julie geen beduidende verdere verandering getoon nie. Aangesien hierdie deposito's gedurende die tweede, derde en vierde kwartaal van 1965 egter aansienlik gedaal het voordat dit gedurende die eerste kwartaal van 1966 matig gestyg het, was hulle in Julie 1966 slegs R18 miljoen hoër as 'n jaar tevore en nog steeds aansienlik (R42 miljoen) onder die peil soos aan die einde van Maart 1965.

Handelsbanke

Die totale diskonteringe en voorskotte van handelsbanke het gedurende die tweede kwartaal verder met R40 miljoen tot R1,205 miljoen gedaal en daarná gedurende Julie tydelik met R30 miljoen toegeneem voordat dit in Augustus weer met min of meer dieselfde bedrag gedaal het. Aan die einde van Augustus was die „beheerde krediet" van die banke, d.w.s. hul diskonteringe en voorskotte wat aan die Reserwebank se kredietvoorskrif onderhewig is, meer as R120 miljoen of tussen 9 en 10 persent onder die toelaatbare peil. Dit dui daarop dat die private sektor as gevolg van die faktore wat reeds hierbo genoem is oor die algemeen so likwied was dat dit gedurende hierdie tydperk geen verdere handelsbankkrediet nodig gehad het nie.

Terselfdertyd het die totale likwiede bates van die handelsbanke, as gevolg van faktore soos die oorskot op die totale betalingsbalans en die vergrote bedrag wat die Regering deur middel van skatkiswissels en korttermyneffekte van die banke geleen het, verder toegeneem vanaf R703 miljoen aan die einde van Maart 1966 tot R878 miljoen aan die einde van Augustus, waarvan R243 miljoen of 11 persent van hul totale verpligtings teenoor die publiek *oorskot* likwiede bates verteenwoordig het.

Aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke

Die ondervinding van die aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke gedurende die tydperk April tot Julie was soortgelyk aan dié van die handelsbanke. Die „beheerde krediet" van die aksepbanke het byvoorbeeld gedaal van R55 miljoen aan die einde van Maart tot R53 miljoen aan die einde van Julie, wat R7 miljoen of 12 persent laer was as die Maart 1965 „basis"-syfer, terwyl hulle „benutte aksepfasiliteite" van R150 miljoen aan die einde van Maart 1966 tot R143 miljoen aan die einde van Julie gedaal het.

Op soortgelyke wyse was die „beheerde krediet" van monetêre huurkoop- en algemene banke, alhoewel dit gedurende die tweede kwartaal effens toegeneem



het met R3 miljoen en met 'n verdere R3 miljoen tot R382 miljoen aan die einde van Julie, op laasgenoemde datum nog steeds R19 miljoen onder die „basis"-syfer van R402 miljoen. Op daardie stadium het hierdie banke *oorskot* likwiede bates van R73 miljoen of byna 13 persent van hulle totale verpligtings teenoor die publiek gehou.

Toename in daggeld

Onder die heersende omstandighede was dit begryplik dat daggeld wat by die diskontohuise gehou is vanaf R149 miljoen aan die einde van Maart tot R242 miljoen aan die einde van Junie toegeneem het voordat dit tot R232 miljoen aan die einde van Julie gedaal het. Insgelyks het daggeld by die Nasionale Finansiekorporasie vanaf 'n laagtepunt van R95 miljoen aan die einde van April tot R143 miljoen aan die einde van Julie toegeneem.

Korttermynrentekoerse

Nadat dit vanaf 'n hoogtepunt van 4·43 persent op 28 Januarie tot 3·71 persent op 8 Julie gedaal het, het die skatkiswisseltenderkoers, alhoewel dit weeklikse skommelings getoon het, weer opwaarts beweeg en op 23 September 4·22 persent bereik. Algemeen gesproke wil dit voorkom asof hierdie toename met die volgende faktore verband gehou het:

(1) Die verhoging van die bankkoers van 5 tot 6 persent op 8 Julie;
(2) 'n toename van R62 miljoen in regeringsdeposito's by die Reserwebank tussen 8 Julie en 23 September;
(3) 'n toename oor hierdie tydperk van R65 miljoen in die totale bedrag aan uitstaande skatkiswissels;
(4) die uitreiking van skatkiswissels op aanvraag, wat op 19 Julie soveel as R39 miljoen bedra het; en
(5) die verkoop, van tyd tot tyd, van staatseffekte deur die Reserwebank aan die Nasionale Finansiekorporasie onder terugkoopooreenkomste.



Hierdie vernouende faktore is gedeeltelik deur verruimende invloede soos 'n toename van R23 miljoen in die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank en 'n styging van R17 miljoen in Reserwebankkrediet aan die Regering en ander instellings buite die eintlike geldmark, geneutraliseer.

'n Interessante verwikkeling gedurende die tydperk onder bespreking was 'n opwaartse aanpassing vanaf 29 Julie in die daggeldkoers van die Nasionale Finansiekorporasie, naamlik tot 15 sent onder die tenderskatkiswisselkoers in vergelyking met die ongeveer 25 sent voorheen.

Staatsfinansies

Soos reeds hierbo gemeld was die vernaamste rede vir die styging van R150 miljoen in totale geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal van 1965, 'n verdere styging in die netto krediet wat regstreeks of onregstreeks deur die monetêre banksektor aan die regeringsektor verleen is, en wat weerspieël word in 'n styging van R112 miljoen gedurende hierdie tydperk in die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor. Hierdie styging was in werklikheid die gevolg van 'n toename van R136 miljoen in die banksektor se besit aan skatkiswissels, staatseffekte en ander eise teen die regeringsektor wat tot 'n bedrag van R24 miljoen geneutraliseer is deur 'n styging in regeringsdeposito's.

Gedurende Julie het die banksektor se bruto eise teen die regeringsektor met 'n verdere R2 miljoen gestyg maar aangesien regeringsdeposito's met R29 miljoen toegeneem het, het die *netto* eise van die banksektor teen die regeringsektor met R27 miljoen

gedaal. Dit was 'n baie welkome verwikkeling aangesien die vermyding van 'n verdere styging in bankkrediet aan die regeringsektor 'n belangrike deel uitmaak van die huidige monetêre en fiskale beleid wat *onder andere* beoog om die buitengewoon hoë verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto nasionale produk te verlaag. Die Minister van Finansies het in sy onlangse Begrotingsrede inderdaad nadruk gelê op die wenslikheid om regeringsuitgawes op 'n nie-inflasionistiese wyse te finansier, d.w.s. deur middel van belastings en langtermynlenings van buite die monetêre banksektor. Met hierdie doel voor oë, is die koers op langtermynstaatseffekte op 8 Julie verhoog, terwyl die Minister in sy Begrotingsrede ook aangekondig het dat wetgewing gedurende die huidige Parlementsitting ingedien sal word om versekeringsmaatskappye, pensioenfondse en effektetrusts te verplig om meer staatseffekte te hou.

Daar moet egter op gelet word dat die „regeringsektor" waarna in bostaande ontleding verwys is, nie slegs die Suid-Afrikaanse Sentrale Regering behels nie, maar ook provinsiale administrasies, die Administrasie van Suidwes-Afrika, die Regering van die Transkei en die administrasies van Lesotho, Botswana en Swaziland. Die vernaamste verwikkelings gedurende onlangse maande in die Skatkisrekening word in bygaande tabel saamgevat. Dit blyk dat die Skatkis gedurende die tweede kwartaal van 1966 sy skuldposisie teenoor die monetêre banksektor met R129 miljoen moes verhoog het en dat dit tot 'n bedrag van R72 miljoen geneutraliseer is deur 'n styging in regeringsdeposito's, met die gevolg dat die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die banksektor met soveel as R57 miljoen gestyg het. Dit verteenwoordig egter gedeeltelik 'n seisoensbeweging en gedurende Julie het die toestand aanmerklik verbeter toe die Skatkis daarin geslaag het om sy netto skuldposisie teenoor die banksektor met R7 miljoen te verminder.

Skatkisfinansies
R miljoene

	1966	
	2de kw.	Julie
Totale tekort, uitgesonderd lenings . .	107	16
Finansiering—		
Verandering in netto skuldposisie teenoor:		
Buitelandse sektor	4	4
Private nie-banksektor	28	7
Staatskuldkommissarisse	18	12
Monetêre banksektor:		
Verandering in effekte van die Staat	129	• 2
Verandering in skatkissaldo* . .	−72	−9
Totaal	57	−7
Totale finansiering	107	16

*Toename −, afname +.

Kapitaalmark

Die toename in die aanbod van uitleenbare fondse wat uit die verdere styging in geld en kwasi-geld gedurende die tydperk April tot Julie voortgespruit het, het uit die aard van die saak voorkom dat die neiging wat kapitaaluitgawes gehad het om die beskikbare aanbod van besparings te oorskry, sy volle uitwerking op kapitaalmarktoestande kon uitoefen. Nogtans het toestande in die meeste afdelings van die kapitaalmark stram gebly en verdere opwaartse druk is gedurende hierdie tydperk op langtermynrentekoerse uitgeoefen.

Styging in koerse op vasterentedraende effekte

In die mark vir prima-effekte het hierdie druk die Reserwebank byvoorbeeld daartoe beweeg om as deel van die amptelike anti-inflasionistiese beleid, sy koerse op staatseffekte met 'n looptyd van $10\frac{1}{2}$ jaar en langer, op 'n gegradueerde skaal te verhoog, beginnende met 6 persent vir looptye van $10\frac{1}{2}$ jaar en langer tot $6\frac{1}{2}$ persent vir looptye van 25 jaar en langer. Hierdie aanpassing is gevolg deur 'n verhoging in die opbrengskoers op die effekte van plaaslike owerhede en openbare korporasies. Onlangs aangekondigde uitgiftes van hierdie effekte het inderdaad 'n opbrengs tot vervaldatum van so hoog as 7·2 persent aangebied, vergeleke met $6\frac{3}{4}$ persent in Mei. Die opbrengskoers op nuwe uitgiftes van private skuldbriewe, wat alreeds tot so hoog as $7\frac{3}{4}$ persent teen die middel van 1966 gestyg het, het ook verder toegeneem.

Aandelepryse en -opbrengskoerse

Die pryse van al die vernaamste klasse van aandele, met die uitsondering van mynfinansieringsaandele, het gedurende die tweede kwartaal en Julie geneig om òf gelyk te verloop òf te daal. Goudmynaandelepryse het rondom 'n min of meer horisontale vlak geskommel, terwyl die pryse van steenkoolmyn-, nywerheidsfinansiële, nywerheids- en handelsaandele 'n merkbare afname gedurende Junie en Julie getoon het. Die gemiddelde opbrengskoers op goudmynaandele het sy opwaartse beweging voortgesit en op 9·3 persent in Julie te staan gekom, vergeleke met 9·1 persent in April, terwyl die koers op nywerheids- en handelsaandele afgeneem het tot ongeveer 5·0 persent in April alvorens dit tot 5·3 persent in Junie gestyg het.

Bouverenigings

Die posisie van bouverenigings het gedurende die tydperk April tot Julie relatief stram gebly en hulle was weer eens nie in staat om die sterk vraag na hulle verbandlenings ten volle te bevredig nie. Nogtans het hulle daarin geslaag om hulle uitstaande verband- en ander lenings met R20 miljoen te verhoog en om 'n verdere R20 miljoen tot hulle likwiede bates en ander beleggings gedurende hierdie vier maande te voeg. Boonop was die koers waarteen hulle nuwe voorskotte gedurende Junie en Julie toegestaan het aanmerklik hoër as gedurende die vroeëre maande van 1966.

Verklaring insake anti-inflasionistiese maatreëls

deur Sy Edele die Minister van Finansies,
Dr. T. E. Dönges

8 Julie 1966

Verlede jaar het die owerhede verskeie maatreëls getref teen die twee gevare wat die Suid-Afrikaanse ekonomie bedreig het, nl. inflasie en die daling van ons buitelandse reserwes.

Die tweede gevaar is, ten minste vir die huidige, afgeweer en die totale reserwes staan nou op die bevredigende peil van naastenby R585 miljoen, danksy 'n verbetering van die betalingsbalans op lopende rekening sowel as 'n toevloei van buitelandse kapitaal.

Die maatreëls teen die eerste (en verwante) gevaar, nl. inflasie, het ook 'n mate van sukses gehad, sodat daar na die middel van 1965 'n afname in die buitensporige uitbreidingstempo van die ekonomie ingetree het. Gedurende die eerste kwartaal van 1966 het die bruto binnelandse besteding selfs minder as die bruto volksproduk beloop. Algemene ekonomiese bedrywighede het egter te hoog gebly, en die gewensde uitwerking van die monetêre en ander maatreëls is in 'n groot mate teengewerk deur verskeie faktore, vernaamlik die toevloei van vreemde kapitaal, wat die likiditeit van die ekonomie op 'n te hoë peil gehou het.

Hoewel daar geen rede vir oormatige kommer is nie, voel die Regering nietemin dat die uitwerking van bestaande maatreëls te stadig was as gevolg van die neutraliserende faktore en dat dit wenslik is om daadwerklike stappe te doen ten einde die inflasiegevaar gouer die nek in te slaan. Oor die korttermyn kan hierdie stappe 'n mate van ongerief en selfs 'n stilstand in sekere sektore van die ekonomie veroorsaak, maar hulle is absoluut noodsaaklik om die ekonomiese stabiliteit van die Republiek te verseker en om verdere ekonomiese uitbreiding teen 'n handhaafbare koers moontlik te maak.

Die euwels van inflasie, veral vir die salaris-, loon- en pensioentrekker en vir die goudmyn- en ander uitvoerbedrywe is oorbekend. Die Regering is derhalwe vasberade om die binne- en buitelandse stabiliteit van die rand te verseker en om inflasie effektief te bestry.

Dit is noodsaaklik dat die maatreëls tot die kern van die probleem moet deurdring, nl. die oormatige monetêre vraag. In hierdie verband beoog die Regering 'n vierpuntaanval op inflasie.

Die eerste groep maatreëls word bedoel om besparing positief aan te moedig. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se patroon van rentekoerse vir langtermyn-staatseffekte (d.i. bo tien jaar) sal progressief verhoog word sodat die koers vir effekte van 25 jaar en meer, $6\frac{1}{2}$ persent sal wees. Die beheer oor rentekoerse wat op deposito's by finansiële instellings betaal mag word, word onmiddellik opgehef sodat hierdie instellings in staat gestel word om vryelik om die publiek se besparings mee te ding. Verder sal die voorwaardes vir belegging in onder andere die Posspaarbank en in Nasionale Spaarsertifikate verruim en aantrekliker gemaak word – besonderhede in dié verband sal binnekort aangekondig word.

Die tweede oogmerk van die owerhede is om die buitensporige tempo van kapitaal- en verbruiksbesteding te verlangsaam. Met hierdie doel voor oë het die Reserwebank, na die gebruiklike oorlegpleging met die Tesourie, besluit om sy diskontokoers vanaf 5 persent na 6 persent te verhoog. Die algemene verhoging van rentekoerse, wat waarskynlik op hierdie stap sowel as op die eerste groep maatreëls sal volg, sal ook hierdie tweede oogmerk bevorder. Verder sal die Reserwebank se versoek aan die monetêre banke om hulle diskonterings, lenings en voorskotte aan die private sektor binne die totaal van hierdie poste soos op 31 Maart 1965 te beperk (plus 'n spesiale $2\frac{1}{2}$ persent vermeerdering wat uitsluitlik vir die landbousektor aangewend mag word) vir 'n verdere tydperk van 6 maande vanaf 30 September 1966 verleng word. Ek wil beklemtoon dat bogemelde rentekoersverhogings hopelik van betreklik korte duur sal wees; dit sal die anti-inflasionistiese magte aansienlik versterk indien minder dringende besteding uitgestel word tot tyd en wyl die oorverhitting van die ekonomie uitgeskakel is en koerse weer verlaag kan word.

Die derde punt van die owerhede se aanval op inflasie bestaan uit fiskale maatreëls. Hierdie maatreëls

sal eers in my Begrotingsrede aanstaande maand aangekondig kan word. Ek wil egter nou al sê dat die Regering vasberade is om staatsuitgawes sover moontlik op 'n nie-inflasionistiese wyse te finansier. Dit vereis dat die Staat se kapitaaluitgawes in 'n groter mate deur langtermyn lenings (d.i. egte besparings) gedek word. Die hoër rentekoerse vir langtermyn staatslenings, sowel as die aantrekliker voorwaardes vir die indiwiduele spaarder, behoort die Regering te help om hierdie doel te bereik. Dit sal egter nog nodig wees om spesiale stappe te doen om 'n hoër mate van belegging in Staatseffekte deur lewensversekeringsmaatskappye, pensioenfondse en miskien sekere ander finansiële instellings te bewerkstellig. Voorstelle in hierdie verband sal aan die Parlement voorgelê word.

As 'n vierde maatreël teen inflasie het my kollega, die Minister van Ekonomiese Sake, besluit om invoerbeheer ten opsigte van sekere tipes goedere op 'n selektiewe wyse te verslap. 'n Aankondiging in dié verband sal binnekort deur Dr. Diederichs gedoen word.

Die maatreëls wat nou geneem word, kan in sommige gevalle die laer- en middelinkomstegroepe in die korttermyn tref, maar dit is juis hierdie groepe wat in die langtermyn relatief die grootste skade sal ly as die maatreëls nie geneem word nie. Aan die ander kant, egter, sal hierdie inkomstegroepe op die lang duur, relatief gesproke, die grootste voordeel trek uit die stappe wat die Regering nou doen om inflasionistiese prysstygings te bekamp. Die Regering sal ook positief optree om die belange van hierdie groepe in die aanpassingstydperk sover moontlik te beskerm. In besonder sal pryse dopgehou word en sal die Regering nie aarsel om op te tree nie indien ongeregverdigde prysstygings voorkom. Dit geld natuurlik vir alle prysstygings, maar veral stygings in voedselpryse sal baie streng onder die soeklig gestel word.

Die produsentepryse van die meeste voedselprodukte, wat hoofsaaklik weens die droogtetoestande verhoog moes word, is reeds vir die huidige seisoen vasgestel en het dus reeds in werking getree. Die Regering sal natuurlik steeds die belange van die boere op die hart dra, maar sal terselfdertyd sorg dra dat die verbruikerspryse van noodsaaklike voedselprodukte binne redelike perke gehou word. Ook die voedselverwerkende nywerhede en die distribusiehandel het reeds die uitwerking van die verhoogde produsentepryse aan die verbruiker deurgegee. Die Regering doen dus 'n beroep op die handel en die nywerheid om ook hulle bydrae tot die stabiliteit van voedselpryse, wat so 'n strategiese rol in ons stryd teen inflasie speel, te maak.

Die huurgelde van wonings en geboue is, net soos voedselpryse, 'n ander strategiese element in die lewensduurte en die Regering beskou enige verdere stygings in huurgelde in hierdie stadium as absoluut ongewens. Hy sal dus ook hierdie aspek baie noukeurig dophou.

Die Regering doen voorts 'n beroep op bouverenigings en ander finansiële instellings om, indien verbandkoerse verhoog moet word, sover moontlik die termyn van verbandlenings te verleng eerder as om die paaiemente op die lenings te verhoog.

Die stryd teen inflasie, wat 'n wêreldwye verskynsel is, verg opofferings van alle seksies van die gemeenskap. Dit vereis 'n hoë verantwoordelikheidsin en selfbeheersing onder werkgewers, werknemers en handelaars by die bepaling van lone, salarisse en pryse. Dit vereis ook sterk en besliste optrede deur die owerhede in die rigtings soos hierbo uiteengesit. Indien die Regering van sy verantwoordelikheid sou terugdeins, sou hy die toekomstige ekonomiese stabiliteit van die Republiek ernstig in gevaar stel. Maar as ons almal saamstaan om die oorlog teen inflasie te wen, sal ons hopelik in staat wees om, na die nodige aanpassingstydperk, 'n nuwe fase van stabiele ekonomiese vooruitgang in te lui.

Opmerkings oor tabelle

1. Tabel S–31 : Skatkisrekening

Die ontleding van die skatkisrekening soos in Tabel S–31 uiteengesit en wat die inkomste-, lenings- en Bantoe-onderwysrekening omvat, toon die totale ontvangste en uitreikings en die daaruit voortspruitende tekort (of oorskot), uitgesonderd lenings, op daardie rekening asook 'n sektorindeling van die finansiering van die tekort. Ontvangste en uitreikings (uitgesonderd lenings) word op 'n gekonsolideerde basis getoon, d.w.s. oordragte tussen die verskillende rekeninge asook staande appropriasies, wat in sowel ontvangste as uitreikings voorkom, word weggelaat.

Twee verskillende benaderings vir die bepaling van die bydrae van individuele sektore tot die finansiering van die tekort op die skatkisrekening deur middel van netto lenings kan gebruik word. 'n Bepaalde sektor se bydrae kan bereken word as dié bedrag deur daardie sektor in staatspapier (netto van aflossings), belê, ongeag of sodanige fondse die opbrengste van transaksies in bestaande staatspapier met ander nie-regeringsektore verteenwoordig of nie. Elke sektor se bydrae sal derhalwe die vloei van fondse tussen hom en die Skatkis verteenwoordig. 'n Alternatiewe benadering sou wees om elke sektor se *netto* bydrae tot skatkisfinansiering te bereken in die sin van fondse wat (netto van aflossings) in staatspapier belê is met uitsluiting van transaksies in bestaande staatspapier met nie-regeringsektore. Laasgenoemde benadering het die voordeel dat dit die netto uiteindelike bydrae tot die finansiering van die Skatkis bepaal, soos gemeet deur veranderings in elke sektor se besit aan staatspapier. Met ander woorde, in teenstelling met die vloei-van-fondse benadering wat hierbo genoem is, sal dit die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die verskillende sektore, of laasgenoemde se eise teen die Skatkis, weerspieël, behalwe in die geval van die banksektor waar die netto skuldposisie verkry word deur die Skatkis se kontantsaldo by die banksektor teen sy skuldposisie teenoor hierdie sektor te verreken. Laasgenoemde, meer betekenisvolle, benadering word nou in tabel S–31 in die *Kwartaalblad* gebruik, in die plek van eersgenoemde wat in die vorige twee uitgawes gebruik is.

Die verskil tussen die twee metodes kom duidelik na vore in die rol wat die Staatskuldkommissarisse gedurende die jaar geëindig 31 Maart 1966 in skatkisfinansiering gespeel het. Gedurende daardie tydperk het die Kommissarisse fondse ten bedrae van R64 miljoen, netto van aflossings, regstreeks aan die Tesourie verskaf. 'n Bedrag van R48 miljoen van hierdie fondse is egter deur die Kommissarisse verkry uit die netto verkope van staatseffekte aan die bank- en ander sektore vir wie die Kommissarisse in werklikheid dus bloot as tussenganger in die kanalisering van sodanige fondse na die Skatkis opgetree het. Gevolglik het die netto bydrae van die Staatskuldkommissarisse, soos gemeet aan die hand van die verandering in hul besit aan staatspapier, in werklikheid slegs R16 miljoen gedurende dié tydperk bedra.

In Tabel S–31 is getrag om die uiteindelike voorsieners van fondse aan die Skatkis op die mees betekenisvolle wyse vanuit die standpunt van ekonomiese ontleding in te deel. Veranderings in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die banksektor, of in laasgenoemde se netto eise teen die Skatkis, het byvoorbeeld 'n belangrike invloed op veranderings in die geld- en kwasi-geldvoorraad en derhalwe 'n potensiële inflasionistiese of deflasionistiese effek. Net so kan veranderings in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die buitelandse sektor 'n invloed op die hoeveelheid geld en kwasi-geld hê via die effek wat dit op die land se goud- en buitelandse valutareserwes het. Intra-regeringstransaksies word van dié met ander sektore in die volkshuishouding onderskei, en die bydrae van die Staatskuldkommissarisse word afsonderlik getoon weens die belangrike rol wat dit in skatkisfinansiering speel en ook omdat dit die grootste enkele besitter van staatskuld verteenwoordig. Stygings in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die Staatskuldkommissarisse, uit hoofde van fondse wat deur die Kommissarisse namens nie-regeringsektore; soos pensioenfondse, belê is, kan onder huidige omstandighede as nie-inflasionistiese finansiering beskou

word op dieselfde wyse as 'n styging in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die private nie-banksektor.

Die aandag word ook gevestig op die feit dat veranderings in die Skatkis se netto skuldposisie teen die banksektor 'n verband vorm met die Reserwebank se monetêre ontleding waarin veranderings in die banksektor se eise teen die regeringsektor (wat nie alleen die Skatkis maar ook provinsiale administrasies, die Administrasie van Suidwes-Afrika, ens. insluit) as 'n oorsaak van veranderings in die voorraad geld en kwasi-geld beskou word. Die verband kom na vore uit die volgende rekonsiliasie van tabel S–31 met tabel S–19 :

	1965/66 (R miljoene)
Veranderings in die banksektor se *netto* eise teen die regeringsektor :	
Skatkis (sien tabel S–31)	212·7
Provinsiale administrasies	−8·1
Ander	27·5
Min waarderingsaansuiwering	−0·5
Totaal (sien tabel S–19)	231·6

Tabel S–31 wat in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* aangebied word, verskil in verskillende opsigte van dié wat in die vorige twee uitgawes gepubliseer is. Totale ontvangste en uitreikings word nou op 'n gekonsolideerde basis i.p.v. op 'n bruto basis soos voorheen getoon, terwyl die bydrae van die verskillende sektore tot skatkisfinansiering in die huidige uitgawe, soos reeds genoem, verkry word uit die Skatkis se netto skuldposisie teenoor daardie sektore. Verskeie sektore waarvoor gegewens onder die benadering wat voorheen gebruik is nie beskikbaar was nie, word nou ook onderskei.

2. Tabel S–63: Prysindekse

Die seisoensaangesuiwerde indekse van verbruikerspryse is vanaf Augustus 1965 gewysig. Die rede vir die wysiging is dat terwyl die resultate van die jaarlikse huursensus van die Buro vir Statistiek gewoonlik in die daaropvolgende Julie of Augustus in die onaangesuiwerde indekse opgeneem word, in die geval van die 1964-sensus besonderhede van huishuur en bediendelone eers vanaf April 1966 en van woonstelhuur eers vanaf Junie 1966 in berekening gebring is. Aangesien die vertraging in die insluiting van die betrokke statistieke deur die Bank as 'n verandering van die seisoenspatroon beskou word, is slegs die seisoensaangesuiwerde indekse dienooreenkomstig gewysig. Die wysigings het slegs op die drie kolomme „Behuising en aanverwante items", „Ander, totaal" en „Totaal" betrekking.

3. Die aandag word daarop gevestig dat syfers in die volgende tabelle hersien is :

(a) Tabel S–21. Likwiede bates van die private sektor by die regeringsektor.

(b) Tabelle S–34 en S–35. Binnelandse bemarkbare effekteskuld van die Sentrale Regering volgens besitter.

(c) S–36. Bemarkbare skatkiswissels volgens besitter.

(d) Tabel S–61. Indekse van die fisiese volume van produksie – Elektriese stroom opgewek.

(e) Tabel S–62. Arbeidstatistiek – Private fabriekswese.